

Handelinge 22

Handelinge 22:1-30

1 Broeders en vaders, luister nou na my verdediging teenoor julle!

2 En toe hulle hoor dat hy hulle in die Hebreeuse taal toespreek, was hulle nog stiller.

En hy sê: 3 Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus in Cilícië, maar opgevoed in hierdie stad aan die voete van Gamáliël, streng ooreenkomstig die voorvaderlike wet, 'n yweraar vir God soos julle almal vandag is. 4 Hierdie Weg het ek vervolg tot die dood toe, en manne en ook vroue geboei en in gevangenis oorgegee, 5 soos ook die hoëpriester en die hele raad van ouderlinge my getuies is. Van hulle het ek ook briewe ontvang en na die broeders in Damaskus gegaan om ook die wat daar was, geboeid na Jerusalem te bring, sodat hulle gestraf kon word.

6 Maar terwyl ek op reis was en naby Damaskus kom, het daar op die middag skielik 'n groot lig uit die hemel my omstraal, 7 en ek het op die grond geval en 'n stem vir my hoor sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? 8 En ek het geantwoord: Wie is U, Here? En Hy het vir my gesê: Ek is Jesus, die Nasaréner, wat jy vervolg.

9 En die wat saam met my was, het wel die lig gesien en bang geword, maar die stem van Hom wat met my gespreek het, nie gehoor nie. 10 En ek het gesê: Wat moet ek doen, Here? En die Here het vir my gesê: Staan op en gaan na Damaskus, en daar sal jou vertel word alles wat aan jou opgedra is om te doen.

11 Toe ek dan weens die glans van daardie lig nie kon sien nie, is ek deur my metgeselle by die hand gelei en het in Damaskus gekom. 12 En 'n sekere Ananías, 'n vroom man volgens die wet, wat 'n goeie naam gehad het by al die Jode wat daar woon, 13 het na my gekom en by my gaan staan en vir my gesê: Saul, broeder, word siende! En op dieselfde oomblik het ek hom aangekyk. 14 En hy het gesê: Die God van ons vaders het jou voorbeskik om sy wil te ken en die Regverdige te sien en die stem uit sy mond te hoor; 15 want jy sal vir Hom by al die mense 'n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het. 16 En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.

17 En toe ek in Jerusalem teruggekem het en besig was om in die tempel te bid, het ek in 'n verrukking van sinne gekom 18 en Hom gesien, en Hy het vir my gesê: Maak gou en gaan haastig uit Jerusalem uit, want hulle sal jou getuie aangaande My nie aanneem nie. 19 En ek het gesê: Here, hulle weet self dat ek besig was om die

wat in U glo, in die gevangenis te werp en in die sinagoges te slaan; 20 en toe die bloed van Stéfanus, u getuie, vergiet is, het ek ook self daarby gestaan en sy vermoording goedgekeur en die klere opgepas van die wat hom doodgemaak het.

21 En Hy het vir my gesê: Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die gewone heidene.

22 Tot by hierdie woord het hulle na hom geluister; toe verhef hulle hul stem en sê: Weg van die aarde met so 'n mens, want hy behoort nie te lewe nie!

23 En terwyl hulle so skreeu en hulle klere afgooi en stof in die lug werp, 24 het die owerste oor duisend bevel gegee dat hy in die kamp gebring moes word, en gesê dat hulle hom met géselslae moes ondersoek, sodat hy kon weet om watter rede hulle so teen hom uitroep. 25 En onderwyl hulle hom met die rieme uitrek, sê Paulus vir die hoofman oor honderd wat daar staan: Is dit u geoorloof om 'n Romeinse burger, en dit onveroordeeld, te gésel?

26 Toe die hoofman oor honderd dit hoor, gaan hy dit aan die owerste oor duisend vertel en sê: Pas op wat u gaan doen, want hierdie man is 'n Romein.

27 En die owerste oor duisend het gekom en hom gevra: Sê vir my of jy 'n Romein is?

En hy antwoord: Ja.

28 Toe sê die owerste oor duisend: Ek het hierdie burgerreg vir 'n groot som verkry!

En Paulus sê vir hom: Maar ek het dit deur geboorte.

29 Daarop het die wat hom sou ondersoek, hom dadelik laat staan; en die owerste oor duisend het ook gevrees, omdat hy nou wis dat hy 'n Romein was en hy hom geboei het.

30 En die volgende dag wou hy met sekerheid weet waarvan hy deur die Jode beskuldig was; en hy het hom van sy boeie losgemaak en bevel gegee dat die owerpriesters en hulle hele Raad moes vergader; en hy het Paulus afgebring en voor hulle laat staan.

1. Handeling 22:1-21 – Paulus verdedig homself voor die Jode

1 Broeders en vaders, luister nou na my verdediging teenoor julle!

2 En toe hulle hoor dat hy hulle in die Hebreeuse taal toespreek, was hulle nog stiller.

En hy sê: 3 Ek is 'n Jood, gebore in Tarsus in Cilícië, maar opgevoed in hierdie stad aan die voete van Gamáliël, streng ooreenkomstig die voorvaderlike wet,

'n yweraar vir God soos julle almal vandag is. 4 Hierdie Weg het ek vervolg tot die dood toe, en manne en ook vroue geboei en in gevangenis oorgegee, 5 soos ook die hoëpriester en die hele raad van ouderlinge my getuies is. Van hulle het ek ook briewe ontvang en na die broeders in Damaskus gegaan om ook die wat daar was, geboeid na Jerusalem te bring, sodat hulle gestraf kon word.

6 Maar terwyl ek op reis was en naby Damaskus kom, het daar op die middag skielik 'n groot lig uit die hemel my omstraal, 7 en ek het op die grond geval en 'n stem vir my hoor sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? 8 En ek het geantwoord: Wie is U, Here? En Hy het vir my gesê: Ek is Jesus, die Nasaréner, wat jy vervolg.

9 En die wat saam met my was, het wel die lig gesien en bang geword, maar die stem van Hom wat met my gespreek het, nie gehoor nie. 10 En ek het gesê: Wat moet ek doen, Here? En die Here het vir my gesê: Staan op en gaan na Damaskus, en daar sal jou vertel word alles wat aan jou opgedra is om te doen.

11 Toe ek dan weens die glans van daardie lig nie kon sien nie, is ek deur my metgeselle by die hand gelei en het in Damaskus gekom. 12 En 'n sekere Ananías, 'n vroom man volgens die wet, wat 'n goeie naam gehad het by al die Jode wat daar woon, 13 het na my gekom en by my gaan staan en vir my gesê: Saul, broeder, word siende! En op dieselfde oomblik het ek hom aangekyk. 14 En hy het gesê: Die God van ons vaders het jou voorbeskik om sy wil te ken en die Regverdige te sien en die stem uit sy mond te hoor; 15 want jy sal vir Hom by al die mense 'n getuie wees van wat jy gesien en gehoor het. 16 En nou, waarom versuim jy? Staan op, laat jou doop en jou sondes afwas, terwyl jy die Naam van die Here aanroep.

17 En toe ek in Jerusalem teruggekem het en besig was om in die tempel te bid, het ek in 'n verrukking van sinne gekom 18 en Hom gesien, en Hy het vir my gesê: Maak gou en gaan haastig uit Jerusalem uit, want hulle sal jou getuienis aangaande My nie aanneem nie. 19 En ek het gesê: Here, hulle weet self dat ek besig was om die wat in U glo, in die gevangenis te werp en in die sinagoges te slaan; 20 en toe die bloed van Stéfanus, u getuie, vergiet is, het ek ook self daarby gestaan en sy vermoording goedgekeur en die klere

opgepas van die wat hom doodgemaak het. 21 En Hy het vir my gesê: Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die gewone heidene.

1.1 Vrae by Handeling 22:1-21

1. Watter ooreenkoms is daar in die wyse waarop Paulus sy verdediging begin en hoe Stefanus sy verdediging begin het? (vers 1; vgl. Hand 7:2)
2. Wat het veroorsaak dat die Jode aandagtig na hom begin luister het? (vers 2)
3. Wat maak Paulus aangaande sy herkoms en opvoeding bekend? (vers 3)

Paulus spreek die skare Jode aan op dieselfde wyse as wat Stefanus dit gedoen het – **broeders en vaders**. In die wyse waarop Paulus hulle aanspreek, word dit duidelik dat hy homself nie bo hulle verhef nie. Intendeel, hy vereenselwig hom met hulle deur hulle as broeders aan te spreek. Hulle het immers baie ingemeen – hulle is Jode en hulle dien die lewende God. Soos Stefanus gaan hy ook nog verder om hulle as vaders aan te spreek. Hy respekteer hulle en staan nederig voor hulle, maar in die woord vader wys hy ook op hulle verantwoordelikheid as mense wat leiding behoort te neem.

Die woord wat ons met *verdediging* vertaal, is dieselfde woord waar die woord *apologetiek* vandaan kom. Apologetiek is nie om verskoning aan te bied nie, maar om die verkeerde siening wat bestaan deur weldeurdagte argumente reg te stel.

Toe die skare hoor dat Paulus met hulle in **Hebreeus** praat, het hulle baie stil geword. Paulus het die vermoëns wat die Here aan hom gegee het van 'n goeie helder verstand in diens van die Here aangewend. Dit het vir Paulus nie gegaan oor die veiligheid of verdediging van hom as persoon nie, maar oor die Here en sy evangelie. Hy wil hê dat die Jode – sy volksgenote – regtig begrip sal kry van die evangelie en hoe dit hom inbeslag geneem het. Daarom praat hy met hulle in hulle moedertaal.

Paulus begin om die skare te vertel van sy lewe voor sy bekering en geloof in Christus. Hy is inderdaad 'n Jood. Aan die Filippense het hy vertel watter trots dit vir hom was om 'n Jood te wees. **Hy is 'n Jood alhoewel hy in Tarsus in Cilicië**

gebore is. Dit was juis die feit dat Paulus iemand is wat nie in Jerusalem of in die heilige land gebore is nie, wat gemaak het dat baie van die Jode agterdogtig was oor hom.

Alhoewel hy buite die heilige land gebore is, is hy **in Jerusalem opgevoed** deur niemand minder nie as die bekendste en gesiene rabbi **Gamaliël**. Gamaliël wat 'n fariseër was, het so 'n hoë agting geniet dat selfs die hele Joodse Raad destyds na sy advies geluister het toe hulle die apostels verhoor het (vgl. Hand 5:34-40).

Wat Paulus se opvoeding dus betref, kan daar geen twyfel wees oor die gestrengheid daarvan nie. **Hy is streng opgevoed ooreenkomstig die voorvaderlike wet** wat van hom net so 'n groot yweraar gemaak het vir God as die Jode voor hom. Met hierdie inleidende woorde het Paulus die ooreenkoms tussen hom en die skare aangedui. Hulle is almal afstammeling van Abraham en hulle het almal ywer vir God deur die opvoeding wat hulle in die wet ontvang het.

4. Wat maak Paulus bekend aangaande sy vervolging van die dissipels van Jesus? (vers 4-5)
5. Hoe het die Here Paulus van 'n vervolger na 'n navolger verander? (vers 6-8)

Paulus maak aan die skare bekend wat sy ywer vir God vir hom beteken het. **Hy het die Christene tot die dood toe vervolg.** Dit het begin met die dood van Stefanus wat hy goedgekeur het. Daarna het hy soos 'n wilde dier in Jerusalem by huise ingebars en manne sowel as vroue gevange geneem en in die gevangenis oorgegee. Hierdie vertelling is nie maar net om die woedende skare Jode anders na hom te laat kyk nie. Daar is getuies wat kan instaan vir die waarheid van wat Paulus gedoen het. Die hoëpriester en die hele raad van ouderlinge is getuies van sy vervolging van die gelowiges in Jerusalem.

Paulus se ywer vir God het so hoog gebrand dat hy die gelowiges nie net in Jerusalem en Judea vervolg het nie, **maar selfs oor die grens in Damaskus wat in Sirië geleë is.** Weereens is die hoëpriester en Joodse Raad getuies van hierdie ywer. Hulle het aan Paulus briewe gegee, sodat hy vryelik ook in Damaskus die

Jode wat Jesus Christus aanhang gevange kan neem en na Jerusalem bring sodat hulle gestraf kan word.

Tot en met sy gaan na Damaskus toe het Paulus presies gedoen wat hierdie woedende skare ook doen – hy het volgelinge van Jesus gevange geneem om hulle te straf. Maar op pad na Damaskus toe het daar 'n groot ding met hom gebeur. **Op die middag het daar 'n groot lig uit die hemel vir Paulus omstraal.** Dit was 'n lig wat skerper is as die son op sy helderste. Die lig was so skerp dat Paulus op die grond neergeval het.

Terwyl hy op die grond gelê het, **het hy 'n stem met hom hoor praat.** Die stem het hom op sy Hebreeuse naam aangespreek en gevra waarom hy die een wat praat vervolg. Hierdie gebeure was vir Paulus baie duidelik 'n ontmoeting van die lewende God met hom. Wie anders kan vanuit die hemel praat en hom ook nog op sy naam aanspreek as die Here. **Daarom het Paulus dadelik gevra wie Hy is en Hom as Here aangespreek.** Dit was in die antwoord van Jesus dat Paulus gehoor het wat hy eintlik besig is om te doen. Hy is nie maar net besig om sogenaamde afvallige Jode te vervolg en te straf nie. **Hy is besig om die Here Jesus van Nasaret te vervolg.**

Deur hierdie ontmoeting met Jesus van Nasaret het die Here self die verandering in Paulus te weeg gebring, sodat hy 'n navolger van Jesus geword het.

6. Was daar getuies wat gesien het wat met Paulus gebeur? (vers 9 en 11)

7. Hoe weet ons dat Paulus hom dadelik aan Jesus onderwerp het? (vers 10)

Paulus het nie alleen na Damaskus gereis om die gelowiges gevange te neem nie. **Daar was ander mense vanuit Jerusalem saam met hom.** Hulle was teenwoordig toe die helder lig Paulus omstraal het. Hulle het gesien hoe hy op die grond neerval en gehoor dat hy vra: Wie is U, Here?

Hierdie medereisigers van Paulus het wel die lig gesien en dit het hulle bang gemaak. Paulus sê dat hulle nie die stem gehoor het wat met hom gepraat het nie.

Lukas het in Handeling 9 berig dat medereisigers wel die stem gehoor het, maar niemand gesien het nie. Ons het hier nie met 'n teenstrydigheid te doen nie. Dit blyk dat die medereisigers wel begryp het dat daar iemand is wat met Paulus praat, maar hulle het nie heeltemal verstaan nie. Buitendien het hulle so groot geskrik oor die helder lig dat hulle bang geword het.

Dit was ook hierdie medereisigers wat vir Paulus aan die hand moes lei Damaskus toe omdat hy weens die skerp lig nie kon sien nie. Hierdie mense was dus beslis getuies van wat met Paulus gebeur het op die pad na Damaskus.

Toe Paulus gehoor het dat hy nie maar net afvallige Jode nie maar vir Jesus self vervolg, het hy homself dadelik aan Jesus se gesag onderwerp. Hy het die Here gevra wat die Here wil hê hy moet doen. Daarop het Jesus hom na Damaskus gestuur, want daar sal hy hoor wat hy moet doen. Van hierdie oomblik af was Paulus geheel en al onder die gesag van Jesus Christus. Sy eerste tree agter Jesus aan kon hy nie eers self gee nie, hy moes gelei word.

8. Wat maak Paulus aangaande Ananias en sy besoek aan Paulus bekend? (vers 12-13)
9. Watter opdrag het die Here aan Paulus gegee deur Ananias? (vers 14-15)
10. Wat het nog met Paulus gebeur in Damaskus? (vers 16)

Toe Paulus in Damaskus gekom het, kon hy steeds nie sien nie vanweë die skerp lig wat hom omstraal het. Op die derde dag (Hand 9:9) het Ananias by Paulus aangekom. **Ananias was 'n vroom man volgens die wet en het 'n goeie naam gehad by al die Jode wat daar gewoon het.** Ananias het die Here gedien soos wat dit van 'n Jood verwag word. Hy was getrou aan die wet van die Here en hierdie karaktereienskap van Ananias was welbekend by al die Jode in Damaskus. As volgeling van Jesus het Ananias nie die wet van God verwerp nie. Inteendeel, hy het steeds daarvolgens gelewe en dit was bekend by al die Jode.

Toe Ananias by Paulus gekom het, **het hy hom as sy broeder aangespreek en vir hom gesê dat hy weer sal sien.** En op dieselfde oomblik het dit gebeur dat Paulus

vir Ananias kon sien nadat hy vir drie dae blind was. Dit wat met Paulus op pad na Damaskus gebeur het, het hom nie vervreem van die wet en die Jode nie. Inteendeel, Ananias wat getrou is aan die wet sien in Paulus 'n broeder raak. En wat Ananias gesê het, het met Paulus gebeur. Die Here het Paulus se oë weer siende gemaak.

In die opdrag wat die Here deur Ananias aan Paulus gee, hoor ons dat Paulus en Ananias hulleself nog verbonde sien aan die voorgeslag van Jode wat God gedien het. Ananias sê dat die God van hulle vaders beskik het wat met Paulus op pad na Damaskus gebeur het. **Dit is God se wil dat Paulus God se wil sal ken, die Regverdige – dit is Jesus Christus – gesien het en die stem uit sy mond gehoor het.** Dit wat met Paulus gebeur het op pad na Damaskus was God se voorbeskikking. Paulus het nie daarna gesoek nie, maar die Here het dit gedoen. Hierdie dinge het gebeur sodat Paulus die opdrag wat die Here vir hom het, kan uitvoer – **hy sal vir God 'n getuie by al die mense wees van wat hy gesien en gehoor het.** In die woorde van Ananias maak Paulus ook bekend dat Jesus van Nasaret en die God van die vaders dieselfde God is.

Met hierdie mededeling van Ananias en sy woorde aan die skare het Paulus die valsheid van die klag teen hom al gedeeltelik begin weerlê. Paulus het niks teen die volk – die Jode nie – en hy het hom ook nie van die wet gedistansieer nie. Trouens, Ananias was 'n goeie Jood wat volgens die wet gelewe het en hy het die opdrag van die Here aan Paulus kom gee.

Ananias het Paulus aangespoor om sonder versuim hom te laat doop en die Naam van die Here aan te roep. Deur die doop het die Here afgebeeld wat reeds met Paulus op pad na Damaskus gebeur het. Sy sondes is met die bloed van Jesus Christus afgewas. Die doop was dan ook die uiterlike teken om dit aan Paulus self en die ander gelowiges te toon. Deur hierdie bekering wat die Heilige Gees in Paulus bewerk het, het Hy ook die geloof aan Paulus geskenk. Daarom het Paulus in Jesus Christus en God die Vader geglo – hy het die Naam van die Here aangeroop.

11. Wat het met Paulus gebeur in die tempel in Jerusalem? (vers 17-18)

In sy verdediging teenoor die skare Jode slaan Paulus die drie jaar wat hy deur die Here Jesus in Arabië onderrig is oor. Vir sy verdediging is dit nie nou van belang nie. Die klag wat die Jode teen hom het is dat hy teen die volk, die wet en die tempel gespreek het. Hy het reeds in sy vertelling van die gebeure in Damaskus daarop gewys dat hy niks teen die wet of die volk het nie. Hy is 'n Jood soos nog altyd en soos hulle en Ananias is 'n vroom Joodse man volgens die wet alhoewel hy ook 'n volgeling van Jesus is. Dus het Paulus ook nie die wet verwerp nie.

In sy verdediging kom hy nou by die klag dat hy teen die tempel gespreek het. Baie duidelik merk Paulus op dat hy steeds agting vir die tempel het selfs al was hy reeds drie jaar lank 'n volgeling van Jesus. Hy het na Jerusalem teruggekeer uit Damaskus en was besig om in die tempel te bid. Toe het daar 'n groot ding met hom gebeur. **Hy het in 'n verrukking van sinne gekom en Jesus Christus het aan hom verskyn.**

Die woorde van Jesus was vir Paulus – soos dit uit sy antwoord aan Jesus blyk – 'n skok gewees. Jesus se woorde begin met 'n dringende oproep om sou gou as moontlik uit Jerusalem uit weg te gaan. En dan gee die Here die rede – want die Jode in Jerusalem sal nie sy getuienis aangaande Jesus aanvaar nie.

Lukas het in sy vertelling van die gebeure in Jerusalem (vgl. Hand 9:28-30) nie melding gemaak van hierdie gebeure in die tempel nie. Paulus noem dit nou vir die eerste keer in sy verdediging, sodat die Jode kan hoor dat hy niks teen die tempel het nie. Selfs Jesus het niks teen die tempel nie, want Hy verskyn daar aan Paulus. Paulus wil ook dat die Jode goed sal verstaan waarom hy vir solank onder die heidene werksaam was.

12. Waarom sou die Jode tog na Paulus se getuienis aangaande Jesus geluister het, het Paulus gedink? (vers 19-20)

13. Wat is Jesus se reaksie op Paulus se protes? (vers 21)

Paulus het homself gesien as net die aangewese man om van Jesus te getuig onder die Jode in Jerusalem. Daarom het hy die opdrag van Jesus om uit Jerusalem uit te gaan aanvanklik teengestaan. Paulus voer twee bewyse aan dat die Jode tog na hom sal luister.

Eerstens weet die Jode in Jerusalem dat Paulus besig was om die mense wat in Jesus glo in die gevangenis te werp en te slaan. Onder die Jode was dit goed bekend dat Paulus fanaties was in sy vervolging van die gelowiges. Hy het niks en niemand ontsien nie – mans sowel as vroue is deur hom gevange geneem.

Tweedens weet die Jode in Jerusalem ook dat Paulus die vermoording van Stefanus goedgekeur het en dat hy diegene wat hom doodgemaak het se klere opgepas het. Dit was juis hierdie dood van Stefanus wat Paulus aangevuur het om van die volgelingen van Jesus ontslae te raak. Paulus reken dat hierdie twee bewyse genoeg sal wees dat die Jode tog na hom sal luister wanneer hy van Jesus getuig.

Jesus het nie met Paulus geredeneer oor wat die beste is nie. **Hy het dood eenvoudig sy opdrag aan Paulus herhaal – Gaan heen!** Hoe goed 'n mens se argumente ook al vir homself klink, dit is nooit beter as die Here se woorde nie. Paulus word deur Jesus aangesê om uit Jerusalem uit te gaan, want hy moet die opdrag gaan uitvoer wat Jesus hom nog in Damaskus gegee het. Paulus word deur die Here gestuur om aan die heidene ver van Jerusalem af die evangelie te verkondig. Met hierdie woorde het Paulus dit duidelik gemaak dat hy eenvoudig die Here se opdrag uitgevoer het om onder die heidene die evangelie te verkondig. Self sou hy eers aan die Jode in Jerusalem wou verkondig, maar die Here laat hom nie toe om dit te doen nie.

2. Handeling 22:22-30 – Paulus en die owerste oor duisend se gesprek

22 Tot by hierdie woord het hulle na hom geluister; toe verhef hulle hul stem en sê: Weg van die aarde met so 'n mens, want hy behoort nie te lewe nie!

23 En terwyl hulle so skreeu en hulle klere afgooi en stof in die lug werp, 24 het die owerste oor duisend bevel gegee dat hy in die kamp gebring moes word, en gesê dat hulle hom met géselslae moes ondersoek, sodat hy kon weet om watter rede hulle so teen hom uitroep. 25 En onderwyl hulle hom met

die rieme uitrek, sê Paulus vir die hoofman oor honderd wat daar staan: Is dit u geoorloof om 'n Romeinse burger, en dit onveroordeeld, te gésel?

26 Toe die hoofman oor honderd dit hoor, gaan hy dit aan die owerste oor duisend vertel en sê: Pas op wat u gaan doen, want hierdie man is 'n Romein.

27 En die owerste oor duisend het gekom en hom gevra: Sê vir my of jy 'n Romein is?

En hy antwoord: Ja.

28 Toe sê die owerste oor duisend: Ek het hierdie burgerreg vir 'n groot som verkry!

En Paulus sê vir hom: Maar ek het dit deur geboorte.

29 Daarop het die wat hom sou ondersoek, hom dadelik laat staan; en die owerste oor duisend het ook gevrees, omdat hy nou wis dat hy 'n Romein was en hy hom geboei het.

30 En die volgende dag wou hy met sekerheid weet waarvan hy deur die Jode beskuldig was; en hy het hom van sy boeie losgemaak en bevel gegee dat die owerpriesters en hulle hele Raad moes vergader; en hy het Paulus afgebring en voor hulle laat staan.

2.1 Vrae by Handeling 22:22-30

1. Waaroor het die skare so heftig gereageer? (vers 22-23)
--

Toe die skare gehoor het dat Paulus Hebreeus met hulle begin praat, het hulle doodstil geraak en aandagtig na hom geluister. Daarmee sou die owerste oor duisend heeltemal tevrede gewees het. Die skare het sonder enige kiewelrigheid geluister hoe Paulus van sy bekering en geloof in Jesus Christus vertel. Om die waarheid te sê, dit was vir hulle nie 'n probleem om van Jesus te hoor nie. Maar toe hulle hoor dat God vir Paulus weg van die Jode af na die heidene toe gestuur het, was dit vir hulle een te veel.

Om aan die heidene die waarheid van die God van hemel en aarde te verkondig, was ook nie vir die Jode 'n probleem nie. Daar is immers die getuienis van die werk van die Here deur Jona. Selfs die Fariseërs het graag proseliete gemaak van die heidene (Matt 23:15). Dit blyk dus dat die skare nie 'n probleem gehad het daarmee

dat heidene eers die Joodse geloof aanneem en dan Christene sou word nie. **Die probleem wat hulle gehad was die feit dat heidene deur God verlos kan word sonder dat hulle eers die Joodse geloof en gebruike aangeneem het.** Vir hulle het dit onbillik gelyk.

Vir die Jode was dit so erg dat hulle dadelik geskreeu het dat Paulus van die aarde af weggeneem moes word. Iemand wat sulke dinge sê, soos wat Paulus gesê het, is nie werd om te bly lewe nie. Vir die Jode was dit so erg soos iemand wat dood is. Hulle het hulle klere geskeur en stof in die lug opgegooi.

2. Hoe het die owerste oor duisend op hierdie opstand van die Jode gereageer? (vers 24)
3. Wat het Paulus ter verdediging van homself aan die owerste oor honderd gevra? (vers 25)

Die owerste oor duisend was rustig en tevrede toe die skare so stil en aandagtig na Paulus geluister het. Hy was seker onder die indruk dat Paulus hulle kon laat afsien van hulle oproerigheid. Die owerste oor duisend het egter nie verstaan wat Paulus sê nie, want daar is nie 'n aanduiding dat hy Hebreeus verstaan het nie.

Skielik terwyl Paulus nog rustig met die skare gepraat het, het hulle heftig teen Paulus te kere gegaan. Hierdie optrede van die skare het die owerste oor duisend geheel en al uit die veld geslaan. Dit was vir hom onbegryplik wat aanleiding tot hierdie oproer gegee het. Aangesien dit sy verantwoordelikheid is om wet en orde en vrede in die stad te handhaaf, het hy daarom, **dadelik beveel dat Paulus in die kamp ingebring moet word.** Dit is immers duidelik dat Paulus en sy woorde die oorsaak is vir die oproer, daarom neem hy die oorsaak van die oproer weg.

Verder het die owerste oor duisend ook opdrag gegee dat hulle vir Paulus met geselslae moet slaan. Hy wou weet om watter rede die skare so teen Paulus te kere gegaan het, sodat hy die regte stappe kan doen om dit in die toekoms te verhoed.

Die gesel was 'n sweep met verskeie punte en aan die punte was stukkies been of metaal vasgemaak. Met so 'n gesel het die Romeine nog vir Jesus geslaan. Dit sou die eerste keer wees wat Paulus met so iets geslaan word. Hy is wel deur die Jode al geslaan, maar dit is met 'n stok en net nege en dertig houe. Mense wat gegesel is, was dikwels vermink na so 'n slanery en daar is selfs mense wat deur so 'n slanery gesterf het.

Die soldate was reeds besig om die opdrag van die owerste oor duisend uit te voer. Terwyl hulle besig was om Paulus met die rieme uit te rek sodat hy met die gesel geslaan kan word, het Paulus aan die hoofman oor honderd gevra **of dit geoorloof is om 'n Romeinse burger te gesel en boonop ook nog een wat nie verhoor is nie.**

Romeinse burgers wat aan een of ander misdaad skuldig bevind is, is nie op dieselfde wyse gestraf as ander mense in die Romeinse ryk nie. Romeinse burgers sou dus nooit gekruisig word nie en ook nie deur geseling ondervra word nie. As Romeinse burger het Paulus dit geweet, daarom het hy die hoofman oor honderd die vraag gevra.

- | |
|--|
| <p>4. Hoe het die hoofman oor honderd opgetree na aanleiding van Paulus se vraag? (vers 26)</p> <p>5. Hoe het die gesprek tussen Paulus en die owerste oor duisend verloop en wat was die uiteinde van die gesprek? (vers 27-29)</p> |
|--|

Die hoofman oor honderd het dadelik Paulus se woord dat hy 'n Romeinse burger is aanvaar en die owerste oor duisend gaan waarsku oor die wyse waarop hulle besluit om vir Paulus te behandel. Die aanspraak op Romeinse burgerskap is onvoorwaardelik aanvaar, aangesien 'n valse aanspraak daarop selfs die doodstraf kan verdien.

Na alles wat reeds met Paulus gebeur het, het die hoofman oor honderd geoordeel dat Paulus nie self sy eie lewe by die owerheid in gevaar sal stel met 'n leuen nie. Daarom het die hoofman die owerste oor duisend dadelik ingelig oor Paulus se

status, sodat die owerste nie vir homself in onguns bring by die owerheid nie.

Omdat Romeinse burgerskap iets gesogs was en dit soveel voordele vir die persoon ingehou het, het die owerste oor duisend self na Paulus toegekom om te verneem oor die aanspraak wat hy maak. **Hy wou eerstens self seker maak dat Paulus inderdaad 'n Romeinse burger is.**

Toe Paulus bevestigend op sy vraag antwoord, **wou hy seker maak op watter wyse Paulus wat tog duidelik 'n Jood is dan die burgerregte bekom het.** Gedurende die tyd toe keiser Claudius aan bewind was, was daar drie maniere waarop iemand 'n Romeinse burger kon wees – deur geboorte uit Romeinse burgers, deurdat die persoon een of ander uitsonderlike diens vir 'n Romeinse generaal of hoë amptenaar verrig het of deur 'n groot som geld daarvoor te betaal.

Hy wat die owerste oor duisend is, het die burgerreg vir 'n groot som geld gekry. Tot sy verbasing en skok het die owerste oor duisend uit Paulus se eie mond verneem dat hy die burgerreg deur geboorte het. In die Romeinse samelewing het 'n gebore Romeinse burger meer respek ontvang as iemand wat die burgerreg vir 'n groot som geld gekry het.

Die uiteinde van die gesprek tussen Paulus en die owerste oor duisend is dat **die manne wat van plan was om vir Paulus deur middel van geseling te ondersoek hom dadelik laat staan het.** Selfs die owerste oor duisend was bekommerd omdat hulle vir Paulus reeds geboei het nog voordat hy enigsins geleentheid gehad het om homself te verdedig. Dit was selfs ongeoorloof om 'n Romeinse burger te boei.

6. Waarom het die owerste oor duisend Paulus die volgende voor die Joodse Raad laat verskyn? (vers 30)
--

Dit was vir die owerste oor duisend duidelik dat die Jode een of ander iets teen Paulus het en dit is so erg dat dit die vrede en kalmte in Jerusalem bedreig. As owerste oor duisend was daar vir hom nie meer wettige geleentheid om die klagte van die Jode teen Paulus by Paulus self te verneem nie. Dit is moontlik dat die

owerste en Paulus nog meer woorde gewissel het as dit wat Lukas opgeteken het.

Uit die verdere gesprekke het die owerste oor duisend agtergekom dat dit 'n godsdienstige kwessie is waaroor die Jode so teen Paulus uitgevaar het. **Daarom het hy besluit om die Joodse Raad aan te sê om Paulus te ondersoek sodat hy ook kan weet waaroor die Jode so teen Paulus is.**

Op grond van hierdie inligting sou hy dan kon besluit wat met Paulus verder behoort te gebeur. Indien dit 'n godsdienstige saak is, is die Joodse Raad die aangewese liggaam om die ondersoek te doen. Indien Paulus 'n burgerlike wet oortree het, sal die Romeinse owerheid sy verhoor behartig. Indien daar geen substansie is vir die Jode se optrede nie, sal hy vir Paulus kan vrylaat.